

Bekoor met outydse sjarme

BENODIGDHEDE

Sirdar Soft Cotton (vierdraad, 50 g-bolle) — sowat 500 g; Inox-hekelpenne van 1,75 mm en 2,5 mm; 4 knope.

NB: Gebruik net die aanbevole gare; ander soorte mag onbevredigende resultate lewer. Die hoeveelheid is bereken volgens deursneebedingdheden en dus by benadering.

MATE

Om borsmaat van 81-86 cm lossies te pas; lengte tot skouer sowat 48 cm; mounaat 42 cm.

SPANNING

Een motief is 12 cm in deursnee. NB: Gaan jou spanning sorgvuldig na; as jy te min steke het, moet 'n fyner, en indien te veel, 'n groter hekelpen gebruik word.

AFKORTINGS

beg = begin; tr = trossie; ks = kettingsteek; beg-tr = begin-trossie; kb = kortbeen; vlg = volgende; hlb = halfangbeen; herh = herhaal; gs = glipsteek; sp(s) = spasië(s); lb = langbeen; grh = gare rondom hekelpen.

EERSTE MOTIEF

Gebruik 2,5 mm-hekelpen en maak 9ks, verbind met gs om ring te vorm***.

1e rondte: 1ks, (kb in ring, 15 ks) 12 keer, gs tot 1e kb aan beg - 12 lusse.

2e rondte: gs oor 5ks van eerste lus, (3ks, 2lb in lus, maar hou laaste lus van elke lb op pen, grh, trek deur alle lusse op pen - beg-tr gevorm), 4ks, (3lb in dieselfde lus, hou laaste lus van elke lb op pen, grh, trek deur alle lusse op pen - 'n tr gevorm, * (4ks, kb in vlg lus) 2 keer, 4ks**, (tr, 4ks, tr) in vlg lus; herh van * rondom, eindig by **, verbind met gs aan punt van tr.

3e rondte: gs tot 4ks-lus, (beg-tr, 4ks, tr) in lus, *4ks, kb in vlg lus, 4ks, tr in daaropvlg lus, 4ks, kb in vlg lus, 4ks**, (tr, 4ks, tr) in vlg lus.

Herh van * rondom, eindig by **, verbind.

Knip werkdraad af en werk af.

TWEDE MOTIEF

Soos eerste motief, verbind

Eenvoud was nog altyd stylvol, soos dié baadjie weer bewys. Hekel hom en oes komplimente van oral in. Saamgestel deur Sandra Bodenstein

motiewe in 3e rondte soos aangedui op diagram deur 'n kb in ooreenstemmende lusse (in middel van elke 4ks-lus) van teenoorgestelde motiewe te maak. Maak 147 sulke motiewe.

HALWE MOTIEF

Soos eerste motief tot ***, gaan dan só voort:

1e rondte: 1ks, (kb in ring, 15ks) 7 keer, kb in ring, draai - 7 lusse.

2e rondte: gs oor 5ks van eerste lus, (beg-tr, 4ks, tr) in lus, * (4ks, kb in vlg lus) 2 keer, 4ks, (tr, 4ks, tr) in vlg lus**, herh van * tot ** een keer, draai.

3e rondte (verbind waar toepaslik): beg-tr, 4ks, tr in lus, [*4ks, kb in vlg lus, 4ks**, tr in daaropvlg lus: herh van * tot ** een keer, (tr, 4ks, tr) in lus] 2 keer. Knip werkdraad af en werk af. Maak 20 halwe motiewe.

OMRANDING

Gebruik 2,5 mm-hekelpen en beg by onderrand van regtervoor-

panthoek, heg werkdraad met 'n gs aan 4ks-lus vas, gaan dan só voort:

1e rondte: 1ks, kb in dieselfde lus, *4ks, kb in vlg lus**, herh van * tot beg van halwe motief, 4ks, kb in 4ks-lus aan vlg hoek van halwe motief, (4ks, kb in 15ks-lus) 2 keer, 4ks, kb in ring, (4ks, kb in 15ks-lus) 2 keer, 4ks, kb in 4ks-lus aan vlg hoek van halwe motief; herh van * tot ** rondom, maak 'n halwe motief aan linker-voorant om met dié aan regter-voorant ooreen te stem, verbind.

2e rondte: beg-tr in eerste lus, *4ks**, tr in vlg lus; herh van * rondom, maar eindig laaste herh by **, verbind.

Slaan oor na 1,75 mm-hekelpen en gaan só voort:

3e rondte: gs tot eerste sp, 2ks, 3hbl in dieselfde sp, *4hbl in vlg sp; herh van * rondom, maar maak 7hbl in plaas van 4hbl aan onderste hoek van linker- en regtervoorant, verbind.

4e rondte: 1ks, hekel kreff-st,

d.w.s. kb van links na regs, in elke hlb rondom, verbind. Knip werkdraad af en werk af.

MOURANDJIES

Gebruik 2,5 mm-hekelpen, heg werkdraad aan willekeurige sp vóór 'n kb aan mourand vas en gaan só voort:

1e (intrek-) rondte: *kb om vlg kb deur hekelpen in eerste sp en op deur vlg sp te steek, 1ks, kb om vlg tr, 1ks; herh van * rondom, verbind.

2e rondte: Soos 2e rondte van omranding, maar hekel 2ks i.p.v. 4ks tussen die trossies.

Slaan oor na 1,75 mm-hekelpen.

3e rondte: Soos 3e rondte van omranding, maar hekel 3hbl in elke sp i.p.v. 4 hbl.

4e rondte: Soos 4e rondte van omranding.

Knip werkdraad af en werk af.

AFWERKING

Werk knope vas. Moenie pars nie.



DIAGRAM

voulyn



